**VERKONDIG SO VêR JY GAAN DIE EVANGELIE ! OMGEEGROEPE – 14- 20 SEPTEMBER**

1. LIEF EN LEED – deel met mekaar vir voorbidding en bemoediging.
2. RUSTIG IN GOD SE TEENWOORDIGHEID – raak doelbewus rustig en stil, en bid saam.
3. LUISTER NA GOD SE WOORD – LEES MARKUS 1:17, HANDELINGE 1:8, EN HANDELINGE 8:4-8 EN 26-40. Wat val jou op van Markus 1:17? Hoe sou jy optree? Wat beteken Handelinge 1:8 vir jou persoonlik? Wat tref jou met die eerste oogopslag van die verhaal van Filippus?
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WêRELD – hoe reageer die wêreld waarin jy leef en werk as jy die Evangelie verkondig? Het jy al gehoor hoe mense aanvanklik bang was, en toe hulle begin getuig kry hulle mense wat saam getuig en luister? Dink jy nie ons is te bang om te begin getuig nie, en weet daarom nie eers watter reaksie ons gaan kry nie? Ons aanvaar sommer dit gaan negatief wees. Ons is bang vir verwerping. Verwerp mense ons, of die Evangelie?.....Moet die verwagte reaksie in elk geval bepaal of ek gaan getuig of nie?
5. LUISTER NOU WEER NA GOD SE WOORD – LEES WEER HANDELINGE 8:4-8 EN 26-40 oor Filippus. Lees vers 5. Wat doen Filippus? Wat is die mense se reaksie volgens vers 6? Wat sê vers 8 wat gebeur uiteindelik in die stad? Groot reaksie in 'n groot groep! Maar Filippus gaan ook na 'n enkeling, sê verse 26-28! Wie stuur hom daarheen?
6. WAT LEER ONS HIERUIT? TEN MINSTE 14 WAARHEDE!! 1. Groot evangelisasie word nie net in groepe gedoen waar groot resultate gesien word nie. Verse 5-8.

   2. Groot getuienis/evangelisasie word ook, en veral, in een-tot-een verhoudings gedoen. Daar waar jy daagliks lewe tussen indiwidue! Daar stuur die Here jou. Daar is jy gestuurde van die Here! 3. Gaan in gehoorsaamheid sonder om te redeneer en vrae te vra. Gaan soos Filippus. Moenie een-tot-een geleenthede onderskat nie! 4. Mense sal luister. Lees vers 6. Natuurlik nie almal nie. Maar mense sal luister. 5. Verkondig daarom die Evangelie so vêr jy gaan. Lees verse 4 en 40. Lees ook 2 Timoteus 4:2. Lees nou die belangrike 2 Timoteus 2:4 oor al die mense met wie jy te doen kry, waar jy ookal gaan. 6. Die Here gee die opdrag! Lees vers 26. Maak dit sin om van die groot geleentheid af weg te gaan na 'n "stil pad"? 7. Wees beskikbaar en gehoorsaam. Wat doen Filippus in vers 27? 8. Wees entoesiasties om vir die Here te getuig/verkondig! Die Here sê in vers 29 "Gaan loop saam met die wa." Wat doen Filippus in vers 30? Hy hardloop soontoe! Leef daarvoor om te getuig! 9. Sluit aan by dit wat die persoon doen. Sy behoefte. Lees vers 30. Wat doen Filippus in vers 30 as hy by die wa kom? 10. Deure sal oopgaan. Geleenthede sal kom! Kyk wat sê die man op die wa….lees vers 31. Wat moet Filippus doen? Op die wa klim!! 11. Gryp die geleentheid aan! Lees vers 35. Wat doen Filippus? Hy gryp die geleentheid om te getuig/verkondig! 12. Daar sal resultate wees. Lees vers 36. Wat gebeur? 'n Hart het verander!! Dalk sal die resultate nie dadelik kom nie, of nie soos jy wou hê nie. Maar die Heilige Gees sal op sy tyd daarvoor sorg. Dit is die Gees se werk. 13. Daar sal vrug kom waarvan jy nie eers sal weet nie! Lees vers 39, veral die laaste deel. Nog 'n getuie wat met blydskap sal gaan getuig. Dit kan nie anders nie! 14. Gaan verder na jou volgende geleenthede. Filippus word steeds verder na volgende geleenthede geneem! Deur wie? Lees vers 39 en 40. Oral waar die Gees hom lei, het hy getuig/verkondig! Oral waar hy gaan, en leef! Maak die beste gebruik van elke geleentheid !!..sê Efesiërs 5:16!

7. FOKUS NOU OP HOE GOD Jóú WIL LAAT GETUIG/VERKONDIG. GESELS DAAROOR.

8. BID SAAM DAAROOR.